# Historiese perspektiewe op die kerklik-teologiese opleiding van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria

A D Pont

Universiteit van Pretoria

Abstract

Historical perspectives on the theological training of ministers of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika at the University of Pretoria

In commemorating the establishment of the theological faculty of the Nederduitsch Hervormde Kerk in 1917 at the old Transvaal University College, the forerunner of the University of Pretoria, some historical perspectives are given. In the first place the revised *duplex ordo* that marked the initial structure of the faculty is discussed. With the advent and participation of the Nederduitsch Hervormde or Gereformeerde Kerk in the theological faculty, there was a gradual move to a *simplex ordo*, which was finally achieved in 1952. Concluding remarks are made about the theological intent of the faculty from 1917-1992.

* Voordrag gelewer tydens die kongres van 18 en 19 Junie 1992 in die Senaatsaal, Universiteit van Pretoria met die tema 'Kerklik-teologiese opleiding aan die Universiteit', ter herdenking van die vyf en sewentigste bestaansjaar van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria.

## 1. INLEIDING

Die jaar 1992 was 'n besondere feesjaar vir die Fakulteit Teologie (Afd A) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. In April 1992 was dit vyf en sewentig jaar gelede dat prof dr J H J A Greyvenstein en sy kollegas begin het met 'n teologiese fakulteit aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege (TUK). Die jaar 1917 was die begin daarvan om die behoefte aan 'n eie teologiese opleiding vir die Nederduitsch Hervormde Kerk te bevredig. Dit nadat die vraag na 'n eie opleiding reeds in 1890 op 'n Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgespreek is.

Die jaar 1917 is ook belangrik omdat die teologiese fakulteit aan die TUK die eerste sodanige fakulteit aan 'n residensiële universiteit in Suid-Afrika was. Die meeste kerke in Suid-Afrika het toe nog hulle kerklike en konfessioneel-bepaalde opleidings gekoppel aan inrigtings wat organisatories nie deel van die bestaande universiteite was nie. Daarom was die owerhede aan die TUK destyds verplig om voorbeelde en presedente vir die oprigting en inrigting van 'n teologiese fakulteit in die buiteland te soek en te vind.

Die besluite wat in 1916-1917 deur universiteit en kerk geneem is, het aan die ou TUK 'n eiesoortige struktuur geskep wat voldoen het aan die behoeftes wat daarvoor bestaan het. Vanuit dié beginpunt het verdere ontwikkeling gevolg wat mettergaan navolging aan ander universiteite gevind het. In dié lig gesien, is in 1992 ook 'n baanbrekende samegaan tussen kerk en universiteit herdenk. Dit wat in 1917 begin is, het 'n invloed uitgeoefen wat verder as die ou TUK en die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgekring het.

Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk was dit altyd belangrik dat sy toekomstige predikante universitêr opgelei moes word. Daar is 'n hoë premie geplaas op 'n wetenskaplik-teologiese opleiding, te meer omdat daarin die moontlikheid gesien is dat die teologie van die kerk op 'n vaste basis geplaas kon word en so kon voortleef. Daarom is daar steeds in die kerk hoë waardering teenoor die universiteit wat in hierdie saak 'n begrypende en ondersteunende vennoot van die kerk was en is. Dat altwee vennote, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die universiteit, voortdurend voordele geniet het vanweë hierdie saamgaan, hoef waarskynlik nie breed betoog te word nie, want dit is 'n vanselfsprekende waarheid.

As ons vandag, vyf en sewentig jaar later, ons gedagtes laat gaan oor hierdie baanbrekende vennootskap tussen kerk en universiteit, dan is dit goed om enkele historiese perspektiewe na vore te bring om sodoende aspekte van die pad wat saam afgelê is, te belig.

## 2. DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT IN DIE STRUKTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT

Die eerste perspektief wat na vore kom, is dat daar met die stigting, ontwikkeling en uitbreiding van die fakulteit aan die TUK op nuwe weë in die destydse universitêre wêreld in Suid-Afrika gegaan is. Daar is met hierdie vennootskap, vanaf 1917, bewys gelewer dat dit selfs in ons gesekulariseerde wêreld moontlik is om die teologie as 'n wetenskap in eie reg te aanvaar en aan 'n universiteit te akkomodeer.

### 2.1 Die teologie as wetenskap

As daar teruggegaan word na die leef- en dinkwêreld van die eerste twee dekades van hierdie eeu, dan is dit duidelik dat daardie tyd steeds sterk beheers is deur die optimistiese mensopvatting en lewensbeskouing wat vanaf die middel van die sewentiende eeu begin baan breek het. In daardie klimaat was dit vanselfsprekend om die teologie, die omvattende en sistematiese deurdenking van die heil wat daar in Christus is, as wetenskap te bevraagteken en selfs af te wys. Aanmerklike misverstande oor die aard en die gerigtheid van die teologie het ook bygedra tot die miskenning van die teologie as 'n wetenskap.

Die interessantheid wat by die stigting van die fakulteit opval, is dat, nieteenstaande die spanning, die universiteits- en opvoedkundige owerhede aan die een kant en die woordvoerders van die kerklike vergaderings aan die ander kant, dit met mekaar volkome eens was oor die stigting van die fakulteit en sy struktuur. In sommige opsigte wek van die ou dokumente selfs die indruk dat die universiteitsowerhede begerig én haastig was om 'n teologiese fakulteit te vestig (NHKA: Skrywe FV Engelenburg: 10 Julie 1916).

As die fakulteit dan in 1917 met sy werksaamhede begin, is die negentiende-eeuse wetenskapsbegrip die uitgangspunt ten opsigte van die aard van die fakulteit. Daarvolgens is die somtotaal van teologiese vakke verdeel in sogenoemde akademiese vakke met daarnaas die kerklike vakke wat buite die akademiese kurrikulum geval het. Die akademiese vakke het bestaan uit die Uitleg van die Ou- en Nuwe Testament, die Algemene Kerkgeskiedenis en die Godsdienswetenskap om slegs die belangrikes te noem. Kerklike vooroordeel sou geen rol speel by die doseer van die vakke nie. Die kerklike vakke was Dogmatiek, Vaderlandse Kerkgeskiedenis en Praktiese Teologie (vgl NHK Argief: Minutes Education Functions Committee, 7.12.1916: Kuratoriumlêer). Hierdie *duplex ordo* wat ook in Nederland en ander Europese lande gegeld het, was vir die Nederduitsch Hervormde Kerk aanvaarbaar, enersyds omdat sy predikante wat in Nederland opgelei is met die model bekend was, en andersyds omdat dit kerklike samewerking by die universitêre opleiding moontlik gemaak het (NHKA 1913). Juis omdat met hierdie reëling kerklike

samewerking en inspraak in die opleidingstruktuur ingebou is, het dit vir die kerk die perspektief geopen om mettergaan die *duplex ordo* opsy te skuif (Rautenbach 1974:26). Van meet af aan was die *duplex ordo* aan dié fakulteit dus anders as of die Nederlandse of die Engelse model.

Gemeenskaplik met laasgenoemde modelle was aanvanklik die natuurwetenskaplike wetenskapsbegrip wat gegeld het. Dié wetenskapsbegrip het gerus op die anti-metafisiese optimistiese mensopvatting en wêreldbeskouing wat veral ná Kant na vore gekom het (Labuschagne 1987:105vv; Johnson 1976:327). Daarvolgens is uitgegaan van die opvatting dat 'n teologiese fakulteit aan 'n universiteit, as 'n wetenskaplike inrigting, alleen geakkomodeer kan word as die teologie as 't ware afgeskaal word na 'n godsdienswetenskap (Aalders s a:16-17; Aalders 1990:93-97).

Hoewel hierdie wetenskapsbeskouing en die inrigting van die fakulteit daarvolgens nie deur almal op die kerklike vergaderings aanvaar is nie en daar ook proteste daarteen was (NHKA 1917:110; NHKA 1919a:79, 134) omdat geoordeel is dat die kerk liewer 'n konfessioneel-bepaalde opleiding moes soek en vind, was die opening wat in 1917 na vore gekom het, die enigste wat vir die kerk moontlik was.

## 3. ENKELE GESKIEDKUNDIGE OPMERKINGS

Die vraag na 'n konfessioneel-bepaalde opleiding vir die toekomstige dienaars van die Woord is deel van die Calvinistiese tradisie van die kerk en hang direk saam met Calvyn se siening oor die samehang van kerk, kategese en onderwys (Pont 1991: 106vv). Die siening word netjies saamgevat in Beza se stelling in sy openingsrede van die Geneefse Akademie op 5 Junie 1559 waar hy stel dat die Akademie '...[D]ie middel was om met ware vroomheid en ware wetenskap gevoed te word' (Calvinus 1559:384). In hierdie sestiende-eeuse denkwêreld waar die universiteit 'n kerklike inrigting was, is die teologie as die koningin van die wetenskap waardeer. Dit was Calvyn (Inst I:1:1) wat met nadruk gestel het dat 'Byna die volle eindtotaal van ons wysheid, wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: Kennis van God en kennis van onsself'. Dan word dit nog as 'n aksioma aanvaar dat die kennis van die natuurlike en die bonatuurlike wêreld onlosmaaklik met mekaar verbind is en dat beide op dieselfde manier nagevors kan word.

Hierdie denke is oral waar Calvyn se teologie as bepalend aanvaar is, verder gevoer. In Nederland waar ook in hierdie idioom gedink is, het die saak van die beoefening van die teologiese wetenskap en die opleiding van predikante aan 'n universiteit tog 'n effens ander koers geloop. Met die oprigting van die Universiteit van Leiden in 1575 word die opleiding van predikante onder die beheer van die kerk uitgeneem. Die gebruik word gevestig dat die kerklike vergaderings geen seggenskap het oor die aanstelling van die teologiese professore nie en ook nie oor die teologiese onderwys en die kwaliteit daarvan nie (Pont 1961:76).

Die situasie het aanvanklik in Nederland, toe die kerk, die owerhede en die kuratore van die universiteit dieselfde geloof en opvattings gehad het, geen besondere probleme opgelewer nie. So kon Gisbertus Voetius, selfs na die beroering van die Remonstrantse stryd, op 13 Maart 1636 by die opening van die nuwe Universiteit van Utrecht in sy *Sermoen van de nutticheydt der academien en scholen* betoog dat alle menslike kennis en kuns ondergeskik bly aan die studie van die teologie. Volgens sy siening moes alle wetenskap, wat fondament en beginsel betref, steun op die Heilige Skrif, die *boeck van alle wetenschap*, die *zee van alle wijsheydt*, die *academie der academien* (Duker 1910:134-135).

Hier betoog Voetius, een van die groot verteenwoordigers van die Nederlandse gereformeerde ortodoksie, dat die geopenbaarde waarheid wat in die Heilige Skrif vervat is, die enigste bron van kennis vir die mens is. Maar Voetius is in sy leeftyd al gekonfronteer deur die *nuwe filosofie* van Descartes wat slegs die induktiewe waarheid, soos vasgestel deur die rede en die logika van die mens, as waarheid erken het.

In die opvolgende tyd en veral in die agtiende en negentiende eeu, met die hoogbloei van die optimistiese rasionalisme, is grotendeels afskeid geneem van die wetenskapsopvatting wat Voetius in sy tyd so hartstogtelik verdedig het. Daarmee het 'n wydvertakte sekularisering van die kultuur en die beskawing saamgegaan (Labuschagne 1987:935). Ook in Nederland is aanvaar dat alle kennis en wetenskap wat nie sy vertrekpunt in die ervaring het nie en dus nie empiries verifieerbaar is nie, nie meer wetenskaplik is nie. Die gevolg hiervan was dat daar in 1876 in Nederland 'n nuwe wet op die hoër onderwys aangeneem is wat deur J H Gunning aangedui is as die bekroning van die beginsels van die liberalisme (Balke 1985:72). In dié wet is, wat die teologie betref, 'n nuwe bedeling geskep waardeur die teologie in feite omvorm word tot 'n godsdienswetenskap. In 'n *duplex ordo* wat daaruit voortvloei, word die teologiese ensiklopedie in wetenskaplike en kerklike vakke verdeel waar die neutrale owerheid alleen verantwoordelikheid vir die wetenskaplike vakke aanvaar het (Balke 1985:111).

Hierdie vooruitgang was, in 'n sekere sin, 'n terugval op die filosofies-bepaalde vraag na die verband tussen natuur en genade. Daarmee is die bepalende vraag van die Reformatoriese teologie na die verhouding tussen sonde en genade losgelaat. Pascal se opmerking dat die redelike denke menslike denke is en daarom beperk is ten opsigte van die vraag na God, het in die negentiende-eeuse denke volkome vergete geraak omdat die optimistiese visie die mens met en sy aansienlike vermoëns as die maat van alle dinge beoordeel het (vgl Johnson 1976:348-349). So word daar in Nederland neutrale teologiese fakulteite geskep met 'n teologiese, kerklike aanvulling buite die akademiese kurrikulum.

Omdat die kerklike aanstellings by die teologiese fakulteite verder die liberaal-moderne opvattings van die meerderheidsparty in die sinode weerspieël het, het hierdie struktuur die bestaan en voortbestaan van die Reformatoriese teologie in die Nederlandse kerk geknou en skerp reaksies uitgelok. So is die afstand tussen enersyds die teologiese fakulteite en andersyds die predikante-opleiding en die ortodokse deel van die kerk in Nederland vergroot (Aalders 1990:96). Die alternatief van 'n suiwer kerklike teologiese fakulteit het wel buite die ruimte van die Nederlandse Hervormde Kerk gerealiseer, maar nooit daarbinne nie (Balke 1985:73).

## 4. DIE *DUPLEX ORDO* IN DIE FAKULTEIT AAN DIE TUK

Die *duplex-ordo*-reëling waarmee die teologiese fakulteit aan die TUK begin het, was in die heersende denkwêreld aan die begin van hierdie eeu vir die Nederduitsch Hervormde Kerk die enigste moontlikheid omdat die gedagte van 'n kerklik-bepaalde, konfessionele seminarie of kweekskool afgewys is. Enersyds is so besluit vanweë die opvattings van die destydse predikante wat almal in Nederland afstudeer het, en andersyds omdat die middele om 'n eie opleiding op te rig ten ene male ontbreek het. Ondanks geregverdigde besware uit eie kring (NHKA 1919b) het die fakulteit so begin funksioneer en het die dosente en die kuratorium, wat wel bewus was van die tekortkomings van die *duplex ordo*, tog daarmee voortgegaan. Die een verkil in die *duplex ordo* van die fakulteit van dié van die Nederlandse en Engelse voorbeelde, was egter die feit dat die kerklike vergaderings inspraak gehad het in die aanstelling en besoldiging van die dosente (NHK Argief: Brief ds Jac van Belkum in De Volkstem, 26.06.1917: Kuratoriumlêer).

So het 'n eiesoortige reëling ontstaan wat, onder die omstandighede, tog voldoen het aan die eis van 'n wetenskaplike opleiding vir predikante en wat aangepas was aan die behoeftes en middele wat die kerk gehad het. Tereg wys Rautenbach (1974:26) daarop dat die aanstelling van prof J H J A Greyvenstein as dosent vanweë die Nederduitsch Hervormde Kerk daarvoor gesorg het dat die opleiding binne die bane van die leer van die kerk gebly het. So het dit gebeur dat 'n moeilik-aanvaarbare struktuur tog aangewend is om die teologie van die kerk te dien. Juis daarom is die poging van die owerheid in die jare 1927-1928 om die volledige Nederlandse *duplex ordo* hier in te voer, met soveel krag weerstaan, dat dit misluk het (NHK Argief: Kort verslag 1 November 1928: Kuratoriumlêer). In die verbygaan is dit interessant om daarop te let dat hierdie poging om die fakulteit af te skaf of te verander van owerheidsweë af veroorsaak is deur die feit dat die owerheid sy besteding aan tersiêre onderwys drasties moes verminder!

Die fakulteit het met die *duplex ordo* goed gefunksioneer en die koste-argument

besweer deurdat sowel prof S P Engelbrecht wat in 1921 aangestel is as prof B Gemser wat in 1926 aangestel is, uitgebreide diens in die Fakulteit Lettere op die terrein van die Transvaalse Geskiedenis en die Semitiese Tale gelewer het. Daarby het sowel Engelbrecht as Gemser die teologie van die kerk gedien en die konfessionele inslag van die fakulteit versterk. So goed het die fakulteit in hierdie *duplex ordo* gefunksioneer dat die status quo soos volg in 'n fakulteitsmemorandum van 1934 verdedig is:

> Die bogenoemde vakke wat die Fakulteit doseer is almal suiwer universitêre vakke, wat 'n integrerende deel uitmaak van die encyclopedie van wetenskappe en sonder welke die universitêre onderwys as 'n geheel onvolledig sou wees. Geen van die genoemde vakke dra 'n kerklike karakter nie; geen daarvan word vanuit 'n kerklike oogpunt gedoseer deur die huidige leerkragte nie. Vakke vir die kerklike praktyk soos Dogmatiek en Praktiese Teologie...maak geen deel uit van die leerplanne nie en word nie geëksamineer vir die BD-graad nie.
> (NHK Argief: Memo namens die Fakulteit van Godgeleerdheid, 26 April 1934: Kuratoriumlêer)

Hieruit word dit duidelik dat die negentiende-eeuse wetenskapsbegrip formeel nog 'n nawerking gehad het (vgl Aalders s a:16-17) en dit het tog, in 'n sekere sin, 'n negatiewe effek gehad. Immers, vir die kerklike teologie met sy wortels in die Bybels-Reformatoriese denke, is dit duidelik dat die redelike denke alleen die mens vaskeer in 'n gevangenskap van objektiewe en logiese wette wat die mens vervreem van die werklikheid van die lewende God voor wie die mens as sondaar staan (vgl M Luther 1532: *Vorlesung über Psalm 51*). Die negentiende eeuse *duplex ordo* het eintlik die onmoontlike probeer akkomodeer deur die optimistiese denke van die mens oor homself en sy wêreld in te pas in 'n teologiese fakulteit.

In Nederland het die *duplex ordo* die wesenlike van die teologie buite die erkende universitêre beoefening van die teologie geskuif en dit in die hande gestel van die kerklik-aangestelde hoogleraars wie se werk nie vir graaddoeleindes gegeld het nie. Die gevolg was dat die *duplex ordo* 'n onthoofde teologie aan die universiteit geskep het (Aalders 1990:95). In die fakulteit van die Hervormde kerk was bogenoemde minder opvallend omdat die hoogleraars, wat op aanbeveling van die kerk deur die universiteit aangestel is, terselfdertyd 'n kerklike opdrag gehad het en so tog konfessioneel gebonde was en dit aan 'n universiteit met 'n verbod op die godsdienstoets.

## 5. DIE VERVANGING VAN DIE *DUPLEX ORDO*

Die poging van die owerheid in 1927-1928 om die aangepaste *duplex ordo* wat aan die ou TUK gegeld het, met 'n veel meer deurtastende *duplex ordo* te vervang, het daartoe gelei dat pogings in die werk gestel is om die struktuur van die fakulteit op 'n vaste grondslag te plaas. So ontstaan die gedagte om deur middel van 'n notariële kontrak die vennootskap tussen kerk en universiteit te reël (Rautenbach 1974:26). 'n Aanvanklike kontrak wat in 1934 opgestel is (NHK Argief: Ooreenkoms tussen UP en die NHK: Kuratoriumlêer), is nie in werking gestel nie omdat daar in daardie stadium sprake is dat die Transvaalse Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk ook deel wil hê aan die teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. Uiteindelik is daar besluit om een fakulteit te handhaaf, maar met twee afsonderlike afdelings wat op 'n gelyke basis langs mekaar bestaan. Om dit te reël is daar 'n kontrak opgestel wat in 'n baie groot mate die ou *duplex ordo* vervang het. Daar word nou vir die twee afdelings elk vier selfstandige departemente ingestel naamlik Ou-Testamentiese Wetenskap, Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Geskiedenis van die Christendom en Dogmatiek & Godsdienswetenskap. Hier word dus, teen die grein van die *duplex ordo* in, Dogmatiek as 'n volwaardige universiteitsvak erken, en kan dit as die begin van die einde van die aanvaarde struktuur wat vanaf 1917 gegeld het, beskou word.

Wat die aanstelling van hoogleraars betref, het die kontrak van 1937 die *duplex ordo* nog verder afgetakel. Rautenbach (1974:26) som dit so op:

> Die universiteit verbind hom daaronder (daartoe – sic) om steeds die genomineerde van die kerk in 'n vakature aan te stel. Die kerk maak natuurlik sy nominasie afhanklik van binding van die genomineerde aan Skrif en kerkbelydenis. Leeropsig deur die kerk oor die aldus aangestelde professore en oor kerkstudente in die teologieonderrig van die universiteit, word deur 'n klousule in die kontrak moontlik gemaak.

So het 'n konfessionele kerklike opleiding aan die universiteit nou 'n werklikheid geword. Dat die *duplex ordo* op hierdie manier opsygeskuif is, het waarskynlik 'n paar oorsake gehad. Hoewel dit nêrens so uitdruklik gestel is nie, kan aangeneem word dat die Transvaalse Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk geen besondere waardering vir die *duplex ordo* gehad het nie. Die meeste Nederduits Gereformeerde predikante wat na die draai van die eeu in Nederland gaan studeer het, het hulle teologiese studie aan die Vrije Universiteit in Amsterdam voortgesit

juis vanweë die teologiese gerigtheid van die Nederlandse ryksuniversiteite (Pont 1989:27vv). Daar het, net soos aan die Kweekskool te Stellenbosch, alleen 'n *simplex ordo* gegeld en daarom is daarvoor geywer in 1937.

Die toetrede van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk tot die teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria het dus 'n ideaal, wat reeds vroeg in die Nederduitsch Hervormde Kerk verwoord is, nader aan verwesenliking gebring. Daar was egter aanvanklik spanning tussen die twee fakulteitsafdelings omdat in die dertigerjare daar nog 'n aansienlike afstand tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Transvaalse Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk bestaan het. Mettergaan het dit ook verander en funksioneer die twee afdelings van die een fakulteit vandag op 'n ontspanne wyse naas mekaar.

In die Nederduitsch Hervormde kerk is die ongemak met die *duplex ordo* implisiet deur H P Wolmarans (1932:167vv) verwoord. Wolmarans was duidelik geen voorstander van die *duplex ordo* met sy vooronderstellings nie. Hy het steeds met klem gestel dat die teologie en die wetenskaplike beoefening daarvan eiesoortig is en deur sy eie vooronderstellings gedra word. Reeds vanaf 1935 is Wolmarans aangestel as permanent-deeltydse lektor in die departement Godsdienswetenskap wat in 1934 ingestel is. In 1938 word hy as hoogleraar aangestel in die departement Dogmatiek en Godsdienswetenskap, hoewel Greyvenstein die dosering van Dogmatiek behou het (NHKA 1938). Wolmarans word in die fakulteit die draer van die dialektiese teologie wat so grondig met die modern-liberale teologie van die vorige eeu afgereken het.

Die verdere ontwikkeling van die fakulteit het meegebring dat die *duplex ordo* finaal verdwyn het in 1952 met die instelling van die afsonderlike departement Dogmatiek en Christelike etiek, 'n leerstoel wat met onderskeiding deur prof B J Engelbrecht beklee is. Daarmee het die fakulteit finaal 'n *simplex ordo* gekry en het dit 'n fakulteit geword wat, ook kragtens die notariële kontrak met die universiteit, volledig gebind is aan die kerklike belydenisskrif. Dit het eksplisiet duidelik geword toe prof A S Geyser op 8 Mei 1962 deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering onthef is na 'n lang ondersoek oor 'n klag van dwaalleer wat deur 'n drietal studente teen hom ingebring is.

Die saak van die noue verbondenheid tussen kerk en fakulteit is in 1968 weer 'n keer beklemtoon toe die selfstandige departement Praktiese Teologie 'n werklikheid geword het. Hieroor het Rautenbach (1974:26-27) die volgende interessante stelling gemaak:

> Die Nederlandse en ooreenstemmende Engelse modelle...is vervang met 'n stelsel met groot ooreenkoms met Skotse, Wes-Duitse en Switserse reëlings. Daar ressorteer Dogmatiese en Praktiese Teologie onder gewone universiteitseksamens, professore en fakulteite....Dit was duidelik dat leerstellige teologie wel bestaanbaar was aan 'n universiteit met verbod op godsdienstoets. Ook was dit lewensopvatlik en kerkordelik bevredigend.

Dit is duidelik dat hierdie 'n geleidelike verandering was vanaf 'n aangepaste *duplex ordo* na 'n kerklik-verantwoordbare *simplex ordo* wat ook moontlik gemaak is deur 'n nogal omvattende verskuiwing in die mensopvattings en lewensbeskouing rondom die kerk. Sonder om breed hierop in te gaan, kan gestel word dat die wetenskapsbegrip van die negentiende eeu óók verander het sodat Oberholzer (1989:438-439) in ons tyd die begrip só kan omskrywe: 'Wetenskap is kritiese, sistematiese, kontroleerbare ondersoek, verklaring en beskrywing van die kenbare en die denkbare'.

In dié omskrywing maak hy weer ruimte vir die metafisiese, terwyl die *aanspraak van die geesteswetenskap om voluit as wetenskap erken te word* terselfdertyd beklemtoon word. Dié wetenskapsbegrip het dus die moontlikheid van 'n konfessioneel-bepaalde teologiese fakulteit aan 'n universiteit moontlik gemaak. Hoewel ander faktore en opvattings hierin ook 'n rol gespeel het (Labuschagne 1987:324vv), het dit bygedra tot die ontwikkeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk se eie teologiese fakulteit wat die fakulteit aan die universiteit volledig in staat stel om teologie ten behoewe van die kerk en sy verkondiging te beoefen.

## 6. ENKELE OPMERKINGS OOR DIE TEOLOGIE VAN DIE FAKULTEIT

'n Laaste perspektief wat hier na vore gebring kan word, is die vraag na die teologie van die fakulteit. Dit is 'n belangrike faset, veral as bedink word dat die kerkhervorming van die sestiende eeu sy begin vind by die wetenskaplike studie van die Bybel aan 'n universiteit. Luther se hervorming kan ook aangedui word as 'n grondige hervorming van die universiteitsteologie, want hy het die teologie losgemaak van die filosofie (vgl sy *Heidelberger Disputation* 1518) en die wetenskap van sy kerklike binding en dit gekoppel aan die onveranderlike orde van God, die volwaardige verantwoordelikheid teenoor die geopenbaarde waarheid van God. Calvyn het op die insigte van Luther voortgebou en so die eis van die wetenskaplike studie van die teologie wat begin by die studie van die Skrif, beklemtoon. Dít bring mee dat die studie van die teologie vir die Reformatore universitêre, dit wil sê wetenskaplik-bepaalde studie sou wees (vgl Haitjema 1957:1156-1158). Vanuit

hierdie visie is die teologiese studie van meet af aan in die Calvinistiese lande aan die universiteite gevestig omdat die ware kennis van die Skrif en alles wat dit beteken, voorwaarde is vir die regte prediking in en van die kerk.

Die eis vir die wetenskaplike studie van die teologie aan 'n universiteit word vanaf die agtiende eeu al meer problematies as, onder die invloed van die Verligting, die organiese band tussen die Christelike geloof en die wetenskaplike studie, tussen kerk en universiteit, verbreek word en 'n nuwe sekulêre en materialistiese mensopvatting en wêreldbeskouing in die Christelike wêreld begin domineer. Die resultate hiervan het, soos reeds aangedui, die posisie van 'n teologiese fakulteit aan 'n universiteit ernstig bemoeilik, veral omdat daar reeds in die sewentiende en agtiende eeu 'n fundamentele verskil ontstaan het oor die omskrywing van die wetenskapsbegrip. In die opvolgende tyd, en veral in die negentiende eeu in Nederland, is die universiteite omvorm om aan die sekulêre wetenskapsbegrip te voldoen, terwyl daar in ortodokse kringe bedenkings gekoester is teen die kwaliteit van die teologiese opleiding aan dié universiteite. In Nederland lei dit onder andere in 1880 tot die oprigting van die Vrije Universiteit in Amsterdam deur die konfessionele party in die Nederlandse Hervormde Kerk onder die leiding van dr A Kuyper (Rasker 1974:255). In Suid-Afrika is al eerder, ook uit verset teen die kwaliteit van die teologie van die Nederlandse universiteite, in 1859, 'n eie seminarie te Stellenbosch opgerig om daar predikante vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk op te lei (Lategan 1934:7-42). Met die kwekelinge van dié kweekskool het die Nederduitsch Hervormde Kerk vanaf 1875-1876 in toenemende mate kennis gemaak (Pont 1955:108-113) en dit het waarskynlik ook bygedra tot die standpunt in die Nederduitsch Hervormde Kerk dat 'n kweekskool nie as predikante-opleiding aanvaarbaar was nie (NHKA 1890; vgl ook T H J van Nieuwenhuizen 1974:3-30).

Met die toetrede van die Hervormde Kerk tot die teologiese fakulteit in 1917 aan die destydse TUK en met 'n struktuur en kurrikulum wat die *duplex ordo* van die liberale Nederlandse universiteite in gewysigde vorm nagevolg het, het die vrees inderdaad in die kerk bestaan dat die teologie-beoefening aan die fakulteit 'n ander koers sou gaan as die leer van die kerk. Die feit dat die fakulteit ook nog aan 'n Engelstalige inrigting verbind was, het ook nie meegehelp om die vrese te besweer nie (NHKA 1916:110; NHKA 1919a:79, 134).

Dit was in 'n baie hoë mate aan prof J H J A Greyvenstein te danke dat die opleiding, wat die Hervormde studente betref, in 'n baan beweeg het wat met die ortodokse leer van die kerk ooreengekom het. As leerling en promovendus van prof Hugo Visscher, 'n medewerker van dr A Kuyper, het Greyvenstein 'n teologie beoefen wat in die baan van die Calvinistiese teologie gelê het (vgl B J Wiegeraad

1991:64, 69vv). 'n Bevindelik-etiese aksent in Greyvenstein se teologie, gekoppel aan sy verklaarde trou aan die belydenis van die kerk en sy ondertekening daarvan (Greyvenstein & Gemser 1943-1944:97-99), het meegebring dat hy die studente kon beskerm (en ook beskerm het) teen afwykende invloede (NHKA 1920:69). Vir Greyvenstein was die struktuur van die fakulteit nie die bepalende vir die teologiese inhoud van die onderrig nie en dit was sy mening dat die kerklike vergaderings moet en kan toesien dat die opleiding voldoen aan die vereistes wat die kerk ten opsigte van die leer en lewe van sy voornemende predikante stel (NHKA 1919a:88). Dit kan gestel word dat Greyvenstein, nieteenstaande die *duplex ordo*, die teologie beoefen en doseer het op 'n kerklike wyse, want sy argument was dat as die teologie nie kerklike teologie is nie, dit maar net 'n vorm van godsdienswetenskap is. Greyvenstein is in dié siening ondersteun deur sy kollegas S P Engelbrecht wat in 1921 en B Gemser wat in 1926 bygekom het.

Aangesien die teologiese gerigtheid van die fakulteit en sy lede elders uitvoerig behandel word (*HTS* 48/1 & 2, 1992), hoef die besonderhede nie hier nader belig te word nie. Dit is miskien voldoende om te stel dat die fakulteitslede, ondanks die struktuur waarin die fakulteit aan die TUK en later aan die Universiteit van Pretoria gefunksioneer het, van die kerklike kant waaraan hulle sterk gebonde was, verstaan het dat hulle verantwoordelik is vir 'n kerklike opleiding van toekomstige dienaars van die Woord (vgl NHKA 1914: Art 71 en die opvolgende omskrywings van die kerklike orde). Terselfdertyd was dit ook hulle taak om die studente in te lei in die studie van die teologie as wetenskap. Aangesien daar uitgegaan is van die vooronderstellings wat in die proponentsondertekeningsformule gegee is, is daar enersyds afgegrens teen die juridies-konfessionele rigting in Nederland wat, onder leiding van dr A Kuyper, uitgeloop het op die Doleansie en die stigting van die Gereformeerde Kerken in Nederland (Rasker 1974:188-190). Aan die ander kant is afgegrens teen die subjektiewe teologie van die Metodisme en die georganiseerde bevindelikheid wat daaruit voortgevloei het (vgl Van der Vyver et al 1975). Die argument dat die teologiese fakulteit dan gekies het vir die derde opsie, naamlik die navolging van die Nederlandse etiese teologie (Loader 1989:412-437), word nie werklik deur die feite gestaaf nie. Hoewel daar fakulteitslede was wat in die rigting van die Nederlandse etiese teologie geneig het, soos Greyvenstein en moontlik Gemser, is dit nie so maklik om die teologiese gerigtheid van die fakulteit te vereenselwig met die een of ander Nederlandse teologiese skool wat in die rigtingstryd aldaar vaste uitgangspunte en grense gehad het nie. Veel eerder kan gestel word dat die fakulteit, breedweg gesien, beweeg het binne die bane van die Bybels-Reformatoriese teologie en dan, min of meer, in die rigting van die konfessionalisme van die Nederlander P H J Hoedemaker (vgl Balke 1985:22, 49-66). 'n Nader aanduiding as dit word moeilik omdat daar nie 'n poging was om 'n vaste, omlynde skoolse teologie te beoefen nie.

Met die koms van Wolmarans in die fakulteit, is die invloed van die dialektiese teologie, geïnterpreteer vir die situasie hier, na vore gebring en met Van Selms se insig daarby, is die konfessionele gerigtheid versterk. Dit was veral B J Engelbrecht wat die grondslae van die Reformatoriese teologie weer pertinent na vore gebring het met sy beklemtoning en uiteensetting van die blywende waarde van die teologie van Calvyn, Luther en die belydenisskrifte van die kerk. Hoewel Geyser 'n poging aangewend het om 'n teologie uit te dra wat die moderne samelewingsteologieë in die kerk sou populariseer, is die poging in die vroeë sestigerjare afgesny.

As daar 'n samevatting gemaak kan word van die teologiese gerigtheid van die fakulteit, dan kan gesê word dat daar gebou is aan 'n kerklike teologie, met die Bybels-Reformatoriese teologie as fondament, en wat volledig rekening gehou het met die teologiese ontwikkelinge in Suid-Afrika en in die buiteland. Waar die *buiteland* vir die eerste drie-vier dekades vernaamlik Nederland en Duitsland was, het die begrip geleidelik verbreed. Dit het meegebring dat die fakulteit vandag heelwat internasionale verbintenisse het en dat lede van die fakulteit ook internasionaal saamwerk aan die uitbou van teologiese kennis en insig. Maar bowe-al bly die opdrag in die fakulteit staan dat die teologie as wetenskap so beoefen moet word dat dit die kerklike verkondiging in die wêreld sal dien. Die fakulteit is en bly nie net 'n teologiese fakulteit aan 'n tersiêre inrigting nie, maar is ook die kerklike opleidingsentrum vir toekomstige dienaars van die Woord van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

## 7. SLOTOPMERKINGS

Daar is sekerlik nog ander perspektiewe wat gestel kan word as dit slegs gaan om die teologiese fakulteit as sodanig. In hierdie artikel het dit egter gegaan om die vraagstelling wat by die feessimposium hanteer is. Dan kan samevattend gestel word dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1917 die moontlikheid om sy toe-komstige predikante aan 'n universiteit te vorm met beide hande aangegryp het. Hoewel die formele struktuur van die fakulteit in 1917 nie die ideaal was nie en hoewel die kultuur en die klimaat van die ou TUK Engels en selfs anti-Afrikaans was, het die fakulteit daarin geslaag om steeds kerklike teologie te beoefen. Dit was 'n teologie wat ten dienste was van die verkondigingstaak van die kerk. Daarin en daarmee het die fakulteit die kerk en die universiteit gedien.

Wat die toekoms betref, sal ons moet aanvaar dat daar steeds probleme sal wees wat opgelos moet word en steeds struikelblokke wat oorkom moet word. Dit is vanselfsprekend want ons leef in 'n sondige en gebroke wêreld. Tog bied die geskiedenis, gesien vanuit die geloof, aan ons die bemoediging dat die die teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria nie alleen is nie. Die ondersteuning, die

begrip, die waardering wat die fakulteit die afgelope vyf en sewentig jaar van die universiteit en sy leiding ervaar het, was en is 'n verrykende bydrae tot die vennootskap van kerk en universiteit. Dit het, in baie gevalle, verder gegaan as die juridies-omskrewe verpligtinge wat die vennootskap op beide partye lê. Boweal sal die Hervormde Kerk ootmoedig erken dat die seën van die Drie-enige God die kerk ook naby was en dat sy leiding die kerk nooit ontbreek het nie. Die teologies-kerklike opleiding wat vyf en sewentig jaar gelede in die geloof begin is, so kan nou vasgestel word, het ook bygedra tot die eer en verheerliking van die Drie-enige God wat die hele kerk geroep het tot diens. Dit stem die kerk tot dankbaarheid, sodat die kerk met vertroue die toekoms tegemoet kan gaan.

**Literatuurverwysings**

Aalders, M J 1990. *Ethisch tussen 1870 en 1920.* Kampen: Kok.

Aalder, W s a. *De grote ontsporing.* Den Haag: J N Voorhoeve.

Balke, W 1985. *Gunning en Hoedemaker: Zamen op weg.* 's-Gravenhage: Uitgeverij Boekencentrum B V.

Calvinus, J 1559. Institutio christianae religionis in Baum, G et al 1864, *Joh. Calvini Opera,* Vol II. Brunsvigiae: C A Schwetschke et filium.

Duker, A C 1910. *Gisbertus Voetius.* Deel II. Leiden: Brill.

Greyvenstein, J H J A & Gemser, B 1943-1944. Verklaring insake "'n Afrikaanse Bybelverklaring". *HTS* 1/1, 97-99.

Haitjema, Th L 1957. Calvijn en het Calvinisme, in Waterink, J (red). *Cultuurgeschiedenis van het Christendom.* Amsterdam-Brussel: Elsevier.

Johnson, P 1976. *A history of Christianity.* London: Penguin Books.

Loader, J A 1989. Ontstaan en eerste periode van die Hervormde teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. *HTS* 45, 412-437.

Labuschagne, J P 1987. Die historiese konteks van 20ste eeuse samelewingsteologieë. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Lategan, D 1934. Die oprigting van die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch in *Gedenkboek van die Teologiese Seminarie Stellenbosch.* Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery.

NHKA 1890. Algemene Kerkvergadering 1890. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1890. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1913. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 1913. Notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 29 Januarie 1913. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

NHKA 1914. Wetten en Bepalingen voor die NHK in Zuid-Afrika 1914. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1916. Algemene Kerkvergadering 1916. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1916. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1917. Algemene Kerkvergadering 1917. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1917. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1919a. Algemene Kerkvergadering 1919a. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1919a. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1919b. Notule van die Kuratorium 22 Julie 1919. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1920. Notule van die Kuratorium 4 Junie 1920. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

— 1935. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Kuratoriumlêer: 1916-1935

— 1938. Fakulteit van Godgeleerdheid (Afd A), Universiteit van Pretoria. Notule Fakulteit van Godgeleerdheid Afd A, 5 Mei 1938. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Oberholzer, J P 1989. Teologie as wetenskap: Aantekeninge van buite die sistematiese teologie. *HTS* 45, 438-441.

Pont, A D 1955. *Nicolaus Jacobus van Warmelo 1835-1892*. Utrecht: Kemink & Zoon.

— 1961. Die Kerkwet en die amp van dienaar van die Woord. *HTS* 17, 2-4.

— 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 1. Pretoria: HAUM.

— 1989. Die betekenis van Abraham Kuyper vir Suid-Afrika: Op kerkhistoriese en kerkregtelike gebied, in Kleynhans, E P J (red), *Die betekenis van Abraham Kuyper (1837-1987) vir Suid-Afrika*, 19-31. Bloemfontein: Pro Christo Publikasies.

— 1991. Confession of faith in Calvin's Geneva, in Van't Spijker, W, *Calvin: Erbe und Auftrag*, 106-116. Kampen: Kok.

Rasker, A J 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen: Kok.

Rautenbach, C H 1974. Vyftig jaar bvderwetse Bybelwetenskap, in Maloney, J D (red), *Gedenkalbum Van der Hoff Teolcgiese Vereniging aan die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: NHW Pers.

Van der Vyver, G C P et al 1975. *Revival of reformasie? 'n Studie oor metodisme*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van Nieuwenhuizen, T H J 1974. Die teologiese fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Ongepubliseerde BD-skripsie.

Wiegeraad, B J 1991. *Hugo Visscher 1864-1947.* Leiden: Uitgeverij J J Groen & Zoon.

Wolmarans, H P 1932. *God en mens: Die mens naar die beeld van God.* Purmerend: J Muusses.